# Nuuskrummels

# Kerssangdiens



## 7 Desember ‘25 | 09:00

# Voorbidding

**Voorbidding**

- Ds. Derick, vir vandag se boodskap

**Voorbidding:**

- Doempie Steyn
- Johanna van Greunen
- Suzette Reed
- Alton Dalton
- Deon Dixon
- Langie Langenhoven
- Nico Basson
- Louw Geldenhuys
- Yvonne Marx

- Ons hart gaan uit na alle ander siekes en anonieme gebedsversoeke.
- Spesiale voorbidding vir Huis Jan Swart se inwoners en personeel.
- Bid asseblief vir die haweloses.

**Ons nooi julle hartlik uit om saam met ons in gebed te tree voor die Erediens in die Gebedskamer.**

**Elke Sondag 08:30 - 08:55**

# Ons Dagboek

7 Desember • Kerssangdiens



# Aanbidding en Barmhartigheidsbediening

Terug Skool Toe | Splish Splash | Kersfees in November | Winterwarm in Julie | Operasie 6060

## 1: <u>Terug-Skool-Toe:</u> skenk van skryfbehoeftes aan skoliere in Januarie '26




**Wat word benodig?**

- Blou pen
- Potlood - H (nie HB nie asb.)
- Uitveër
- Skerpmaker\Kleurpenne
- Inkleurpotlode of -kryte
- Sker
- Pritt of soortgelyke gomstiffie
- "Flipfile" - met 10 of 20 sakies

**Navrae: Lemari Fourie 082 692 9086**

Los asb jou bydrae in die boks(gemerk → Barmhartigheidsbediening) in die Kerk se Voorportaal of by die Kerkkantoor - <u>voor of op 30 Desember '25</u>



# Aanbidding en Barmhartigheidsbediening

***Wil jy iets doen? | Wil jy 'n Verskil maak in iemand se lewe?***
***Hier is 'n lys van projekte waaraan jy solank op jou eie tyd by die huis kan begin werk***




Skenking van skryfbehoeftes vir skoolkinders wat Januarie 2026 skool begin.
Ontvangs teen Desember 2025




Skenking van Seep, Roll-On, Shampoo, Tandepasta en Tandeborsels.
Skenkings dwarsdeur die jaar welkom




Skenking van mussies, serpe en komberse vir bejaardes.
Ontvang teen Junie 2026




en




Skenking van nie-bederfbare produkte vir kospakkies vir gesinne deur die feesseisoen.

Hierdie projek is deurlopend deur die jaar en talle gesinne & enkellopendes word ondersteun uit die Koskas - deel van die Operasie 60/60 projek waar skenings dwarsdeur die jaar gemaak kan word.

**Navrae: Lemari Fourie 082 692 9086**

‘n Storie

# Die Christus-Draer

Op ‘n stormagtige nag sit ‘n veerman in sy houthuisie op die wal van ‘n rivier. Sy kaggelvuur vlam rooi en laat skaduwees teen die mure dans. Die wind ruk aan die vensters en deure van die huisie, en tier om die hoeke. “Op so ‘n onweersnag sal niemand tog oor die onstuimige water wil vaar nie,” dink die veerman. “Wie sal dit nou op so ‘n nag buite waag?”
Hy voel lomerig van die vuur se hitte en wil net indommel. Bo die windgeraas hoor hy opeens ‘n veraf dowwe geroep. Kan dit wees dat iemand tóg in dié onweer oor die rivier wil gaan? Hy staan op en vat sy lantern. Toe hy die deur oopmaak, ruk die wind aan sy jas en die reën waai koud in sy gesig. Die geluid buite klink byna soos die gekerm van ‘n kind. Die veerman kyk na die donker bome wat laag buig, hulle blare blinknat in die lig van sy lantern.
“Dis maar net die wind wat so huil deur die bome,” sê hy hardop. “Dis ‘n wilde nag.” Hy gaan weer sit en gooi ‘n paar stukke hout op die vuur, wat laag begin brand het. Die vuurtonge spat in die skoorsteen op.

“In so ‘n nag sal niemand dit buite waag nie,” verseker hy homself en trek sy jas stywer om hom.
Die windgedreun word hewiger, sodat dit voel asof die huisie daarvan skud. Hy is dankbaar dat niemand geroep het nie. Om in so ‘n nag, in die koue donkerte, oor die rivier te vaar, sal moordend wees.
Maar daar is dit weer! Die dowwe huilgeroep! ‘n Kind in hierdie nag? ‘n Kind alleen langs die waterkant? Dis onmoontlik!
Die veerman spring weer op en loop na die deur. Toe hy die grendel oopskuif, swaai die deur na binne soos die wind daarteen aandruk. “Is daar iemand?” skree hy, en lig die lantern hoër.

Hy hoor weer die dowwe gehuil. ‘n Oomblik luister hy. Toe skud hy sy kop.
Nee, dit kan net die wind wees! Dis tóg nie die gekerm van ‘n kind nie.
Die vertrek voel ineens koud, al het hy die deur weer toegegrendel en al brand sy vuurtjie nog. Die woeste wind het na binne gewaai en saam met die wind het ‘n kilheid gekom, wat die hele kamer vul. Die veerman ril. Hy gooi ‘n droë stomp op die vuur en hurk voor die vlamme. Die rooi gloed van die kole en die dansende vlamme laat hom beter voel. Net toe hy orent kom om op sy stoel te gaan sit, hoor hy weer die langgerekte gekerm. Sy liggaam word styf soos hy luister.

“Dit ís ‘n kind!” skree hy. “Dis ‘n kind daar buite in die stormnag.” Hy gryp sy lantern, storm uit, en hardloop na die waterkant. By die ankerplek lê sy vasgemeerde boot aan sy meertoue en ruk.
Die reën slaan in die man se gesig. Die lantern in sy hand swaai wild heen en weer.
Die veerman gaan ‘n oomblik staan om te luister.



Van die oorkant kom die huilende gekerm van 'n kind.
"Ek kry koud . . . ek verkluim . . . ek sterf!"
Dis 'n jammerlike geroep, wat die man by die boot se hart woes laat klop.
"Ek kom! Wag vir my, ek kom!"
Bo die windgetier klink sy stem.
Hy maak die boot los en begin met sterk hale na die oorkantste oewer roei. Die reënwater stroom oor sy gesig; die wind dwing die boot stroom af, asof dit 'n blaar of 'n takkie is. Sy hande is ysig vasgeklem om die roeispane. Hy moet al sy krag inspan om die boot oor die stroom te kry.

"Ek kom, ek kom!" troos hy die kind aaneen.
Soos lang moeisame ure voel dit vir die man voordat hy die oewer bereik en die boot daar vasmeer. In die donkerte soek hy na die plek waarvandaan 'n flou snikkende geklaag kom. In 'n bondeltjie kry hy die kind lê. In die lig van die lantern lyk hy klein en verlate, en amper dood. Net die aanhoudende gekerm wys dat hy nog lewe.
"Stil, my kind. Stil maar, my kind," sus die veerman.
Hy tel die kind op en druk hom vas teen sy lyf, onder die dik jas wat hy aanhet; en dra hom na die ankerplek. Só wild is die storm en die wind dat dit die boot losgeruk het van sy tou en dit stroom af weggesleur het.
Die man druk die kind stywer teen hom vas. Hy staan verslae. Toe tel hy die kind op sy skouers en begin waad deur die ysige water.
"Ons gaan na 'n warm huis," troos hy, maar sy eie hart bewe voor die geweld van die stormnag.
Met elke moeisame trap van sy voete voel die veerman hoe sy kragte minder word. En hoe kan so 'n tingerige kind so swáár op sy skouers rus?
"Daar is 'n warm vuur . . . Daar is kos . . ." praat hy hortend met die stil kind. Benoud wonder die man, is hy nie reeds dood nie?
Die kind op sy skouers is so swaar dat dit vir die veerman voel asof sy voete dieper en dieper in die sandbodem van die rivier gedruk word, en die golwe lek al hoër teen sy lyf.

Toe hy sy voete op die klippe aan die oorkantse ower neersit, hyg hy na asem. Gebuk onder die gewig op sy skouers, strompel hy tot by sy huis. Hy maak die deur met bewende, yskoue vingers oop.
Die huis is opeens vol van 'n wonderlike lig en warmte toe hy – tot die dood toe vermoeid – oor die drumpel tree.
"Daar, my kind," sê die veerman, toe hy neerhurk voor die vuur om die kind van sy skouers te tel, "het ek jou nie belowe ek sal jou veilig tuis bring nie?"
Toe hy orent kom, voel hy wonderlik sterk en sy skouers is los en lig asof daar geen gewig op hulle gerus het nie. Hy steek sy hand uit om die kind na die vuur te lei. Maar dis nie 'n kind wat in die hemelse gloed van die kamer staan nie. Dis 'n Man. Sy gesig blink.
Die veerman sak op sy knieë neer. Dan was dit die Christus-kind . . .
En die stem wat die vertrek vul, is soos geen stem wat die veerman ooit gehoor het nie!
"Dis 'n wilde nag. Jy was nie bang nie. Die boot het verlore gegaan, maar jy het nie gewanhoop nie. Jy het die storm trotseer om My te red! Jy het My warmte gegee toe ek koud was. Van nou af sal jy genoem word Christophorus, die Christus-draer,"



*Erkenning - Hester Heese*

# *Kantoor-ure tydens Desember en Januarie*

11 Des - Gesluit

12 Des - 08:00 - 12:00

15 Des - 08:00 - 12:00

16 Des - Gesluit

17 Des - 08:00 - 12:00

18 Des - Gesluit

19 Des - 08:00 - 12:00 - Kantoor sluit 12:00

5 Jan - 08:00 - 12:00 - Kantoor maak oop

6 Jan - Gesluit

7 Jan - 08:00 - 12:00


8 Jan - Gesluit

9 Jan - 08:00 - 12:00

12 Jan - 08:00 - 12:00

13 Jan - Gesluit

14 Jan - ***Terug na normale ure***






## 13 - 15 Februarie '26
## Gr 8-12






**<u>NG Hottentots-Holland</u>**
behartig die besprekings en administrasie vir Disakloof Jeugkampterrein op Bettiesbaai.

**Hulle het 'n spesiale aanbod vir Desember '25**

VIR DIE PERIODE 7-19 DESEMBER '25
Betaal vir 3 nagte en bly vir 5 nagte
Betaal vir 5 nagte en bly vir 10 nagte
*(Slegs van toepassing op die huisies, nie kampering nie).*

Vir meer inligting skakel gerus vir Yolandi op 021 852 5004 of e-pos haar na: bookings@disakloof.co.za

## *Verhuis julle na 'n ander dorp?*


*Ons wil graag as Gemeente kan totsiens sê aan julle. Skakel die Kerkkantoor en laat ons asb. weet.*



**Die is 'n deurlopende projek**

# Broodsakkieknippies en bottelproppies vir Rolstoele

**Wil jy ook help om 'n verskil te maak?**
**Begin vandag deur jou broodsakkieknippies bymekaar te maak en dit by die Kerkkantoor af te gee.**
**Met hierdie eenvoudige bydrae help jy om Hoop en Waardigheid te bring aan iemand wat dit baie nodig het.**



# Kersfees

gaan oor baie meer as net 'n Baba in 'n krip.
Dit herinner ons aan God se genade om Sy Seun na ons toe te stuur. Dit gaan oor Christus wat verneder is en moet ly vir ons sondes. Dit gaan oor Jesus wat aan die kruis gesterf het sodat ek en jy vergifnis en versoening vir ons sondes kon kry.

Dit gaan oor die Here wat die dood oorwin het, sodat ons die ewige lewe kan kry. Dit gaan oor Jesus wat in heerlikheid opgevaar het na die Hemel en sy plek aan die regterhand van die Vader ingeneem het. Kersfees herinner ons ook dat Jesus tydens Sy hemelvaart beloof het dat Hy eendag weer na ons sal terugkeer — tot by die voleinding van die wêreld.



# SnuffelMARK



## As jy kaste reg pak, huis op pak, items wil weg gee....skenk dit asseblief vir die kerk se Snuffelmark.

**Die items word sorteer en die laaste Woensdag van elke maand, teen kosprys verkoop. Kom gee dit gerus af by die Kerkkantoor tydens kantoorure.**

**Skenkings is welkom: klere, meubels, skoene, gordyne, komberse, kussings, kinderspeelgoed, kombuisware, bekers, koppies, pierings, skildery, en vele meer**





# Dinamiet Kiedz en Beloftelanders

***Voorskool & Laerskool, elke Sondag 09:00 tot 10:30 tydens skoolkwartale.***
***Navrae: Karin 083 643 0653***
***Ons kom eers almal in die kerk bymekaar en sal dan verdaag word na die saal.***

## 4de Kwartaal

**Ons hoop julle het elkeen heerlik uitgerus gedrurende die vakansie? Ons het 'n propvol program vir die 4de kwartaal uitgewerk en is baie opgewonde om dit saam met julle te deel**

## Program

~~19/10~~ ~~Kinderkerk~~
~~26/10~~ ~~Konsistorie~~
~~02/11~~ ~~Konsistorie~~
~~09/11~~ ~~Kinderkerk~~
~~16/11~~ ~~Woon Belydenisaflegging by~~
~~23/11~~ ~~Kinderkerk~~
~~30/11~~ ~~Gemeente Piekniek~~
~~Kinderkerk-prysuitdeling~~
07/12 **Kerssangdiens**/Afsluiting
alle kinders moet asb bywoon

## Beloftelanders (voorskool)

Tydens die kerkdiens: (09h00 - 10h30). Alle kinders tussen 3-6 jaar is welkom
Ons verkondig die Evangelie d.m.v. Odos, CEF en Kidz Express se materiaal.
Al ons lessies word prakties gedoen, ons speel lekker en vier ook ons verjaarsdae saam;
Ons nooi alle mammas en pappas om ons klasleier een Sondag per kwartaal te kom help met die aanbied van die Sondagklassies.
Vir navrae kontak: Karin Kuys @ 083 643 0653

## Dinamiet Kiedz (gr 1-6)

Ons bring graag die Evangelie aan die kinders, help hulle om geestelik te groei en moedig hulle aan om die Goeie Nuus met ander te deel deur persoonlike getuienis & dienslewering tydens uitreike na ouetehuise, skole, ens.
Dan is daar natuurlik Gemeente Piekniеks, Kampe, Ken-mekaar braaie met die ouers en nog baie heerlike projekte.
Vir navrae kontak: Karin Kuys @ 083 643 0653

## Tienerkerk (gr7)

Lesse wat kinders help om getuies te wees tot in die uithoeke van die wêreld. Die kinders gaan op 'n leersame en opwindende reis om meer oor dissipelskap te leer.
Ons kom elke Sondag vanaf 09:00 tot 10:30 in "Die Gat" (vertrek onder verhoog) bymekaar.
Vir meer inligting, skakel gerus vir Liesbet @ 073 630 0268

# Lifeline Jeug

**Markus 1:1 DIE begin van die evangelie van Jesus Christus, die Seun van God.
Jesus was nie net 'n profeet nie, of 'n goeie leraar nie,
Hy was (en is nog altyd) ons Here.**

**Hoërskool leerders:**
Sondae 17:30 - 19:00 by die kerk, of soos gereël met Attie. Ons gaan weer lekker “Social, Praise & Worship” en dan in ons klasse inbeweeg.

**Belydenisklas:**
Ons kom Sondae om 17:30 by die kerk bymekaar.
Graad 11’s en ouer,
wat nog voorgestel moet word is baie welkom
om by ons aan te sluit.

## Vir meer inligting skakel gerus vir Attie - 079 442 2230

Jy kan ook jou **Dankoffer en Bydrae**s vir die gemeente deur die ZAPPER selfoon toepassing gee.

**Bank inligting:**

Lourensrivier Gemeente ABSA (Strand)

Takkode: 334-312

Reknr.: 420 580 231

Verwysing: naam en van

e-pos aan: fin@lourensrivier.co.za

zapper™
pay with
VISA
and many more
www.zapper.com
scan to pay this bill

Kontak die kerkkantoor om in te skakel, of vir meer inligting: 021 853 5991

**RAPHA VROUE**
Elke tweede Maandag.

**SENIOR MANNE**
Woensdae 08:30 voor in kerk

**VROUEGROEP**
Woensdae 09:00 in die gebedskamer

**MANNEGROEP**
Vrydae 05:30 in die Konsistorie

**Kontak ons gerus : 021 853 5991**
Predikant: Ds. Derick Boonzaaier
derick@lourensrivier.co.za

**Admin kantoor-ure**
Maandag: 09:00 - 14:00
Dinsdag - Donderdag: 08:00 -14:00
Vrydag: 08:00 -13:00
Skriba: admin@lourensrivier.co.za

**Finansies kantoor-ure**
Maandag: 09:00 -12:30
Dinsdag - Vrydag: 08:00 -12:30
Finansies: fin@lourensrivier.co.za

**BESOEKERS / NUWE LIDMATE**
In die voorportaal is 'n boekie waarin jy jou besonderhede kan aanteken.

As jy 'n **GEBEDSVERSOEK, of 'n HUISSBESOEK VERLANG**, vul dit ook in die boekie in.
Of stuur jou navraag/versoek na admin@lourensrivier.co.za
Kontak Ds. Derick direk vir enig besoeke of afsprake 082 333 6012

:

Stoor (save) asb. die nommer op jou selfoon - anders kan jy dalk nie die boodskappe kry nie

***Lourensrivier-WhatsApp Groep***

Stuur 'n WhatsApp met jou naam na
Ds. Derick: 082 333 6012 of
Lémari: 082 692 9086
as jy op die kerk se WhatsApp groep wil wees.

Lourensrivier-Strand

SHOP LOCAL

# ONDERSTEUN asb. PLAASLIK voordat daar niks meer PLAASLIK is om te ondersteun nie.


MSA
MARIUS STENEKAMP
ATTORNEYS

Unit 2, Little Greece
George Str, Strand
P.O. Box 1170, Strand, 7139
Tel: 021 837 1235/6
Fax: 086 274 2003
Cell: 084 448 4429
marius@stenekamp.co.za
www.stenekamp.co.za

CAM LIVE VISION
FOR ALL YOUR MONITORING AND SECURITY NEEDS
Cam Live Vistion Pty Ltd
Reg.no. 2010/003490/07 | PSIRA no. 2185751
info@camlivevision.co.za
021 851 6023
www.camlivevision.co.za
Jeremiah 29:11 & Esther 4:14

Secure SE
FIRM. FIXED. SAFE
SECURE SE
Secure SE Pty Ltd
Reg.no. 2019/270620/07 | PSIRA no. 4606196
stephan@securese.co.za
084 499 5858
www.securese.co.za
Jeremiah 29:11 & Esther 4:14

VOLANTRA ORBITAL
The power to protect
Volantra Orbital Pty Ltd
Reg.no. 2014/183888/07 | PSIRA no. 2707006
info@volantra.co.za
021 851 6023
www.volantraorbital.co.za
Jeremiah 29:11 & Esther 4:14

Flaméros®
CHICKEN GRILL
187 Main Road, Strand
021 854 7774

FTH ACCOUNTANTS
The name you can ACCOUNT on
Floris Ter Haar
Professional Accountant (SA)
SOUTH AFRICAN INSTITUTE OF PROFESSIONAL ACCOUNTANTS
Tel: 021 853 4266
Cell: 082 741 7076
Fax: 088 021 854 5741
E-mail: floris@fthacc.co.za
20 Conradie Street
Strand, 7140
Skype: fterhaar

Het jy hulp nodig om finansiële sekerheid te kry?
Sanlam
Willie Fourie
Senior Finansiële Beplanner
021 853 2179
082 468 1099
admin@arcani.co.za
Ek kan hiermee help:
- Finansiële beplanning
- Lewensdekking
- Ongeskiktheidsdekking
- Spaar en beleggings
- Aftreebeplanning
- Spaar vir opvoeding

Sanlam Lewensversekering Beperk is gelisensieerde lewensversekeraar, gemagtigde verskaffer van finansiële dienste en geregistreerde kredietverskaffer (NCRCP43).

HBP
HELDERBERG BUILD & PAINT
STUART JACKSON
082 872 6830 info@hbpconstruction.co.za
www.hbpconstruction.co.za

BeMyDollie
Popklere Doll Clothes
100% Homemade with Love
079 526 5542 @bmdollies